DIE MEULENAAR

Amptelike Nuusbrief
van die
BOND VAN DIE VERMEULEN FAMILIE
Posbus 340, Fontainebleau. 2032
Tel: (011)793-7271 Sel: 082 921 0344
Web bl: www.users.lantic.net/jverm

Jaargang 1: 2001/2 November 2000

A. ONS EUROPESE HERKOMS

Jy het dalk ook al baie gewonder waar kom jy nou eintlik vandaan. Wel ek het ook, en om my nuuskierigheid te bevredig, het ek so 'n bietjie navorsing gaan doen om ons wortels te ontdek.

Ons weet almal van ons familie se twee stamvaders wat na Suid-Afrika gekom het vanaf Utrecht, Nederland, maar hoe het ons voorvaders in Nederland beland. In 'n paar ensiklopidië en navraag by die "World Family Heraldy" in Kanada asook die algemene geskiedenis van Europa, kon ek saamflans wat ek dink baie naby aan die waarheid moet wees. Indien daar Vermeulens of Vriende van die Familiebond is wat bykomende of beter inligting oor die onderwerp het, skryf asseblief en ons plaas dit in 'n volgende uitgawe van "Die Meulenaar".

Tydens die Romeinse Ryk het Germaanse stamme dele van Europa binnegeval en groot verwoesting gesaai. Die rondtrekkende, vegtende stamme het uiteindelik tot ruste gekom in 'n gebied wat ons vandag as Nederland, België, Luxemborg en Duitsland ken. Ons voorsate was onder hierdie Germane wat die gebied begin bewoon het. Oor die oorsprong van ons familienaam "Vermeulen" kan 'n mens lekker bespiegel aangesien dit tog sterk dui op die Nederlandse windmeulens en kan 'n mens nie anders as om dit in verband met mekaar te bring nie. Die eerste meulens wat in Nederland in gebruik geneem is was perdemeulens en alreeds in die agste eeu. Windmeulens het eers heelwat later gevolg. Op die Nederlandse Vermeulen familiewapens word die windmeul ook uitgebeeld, en ek wil my verstout om te sê ons voorvaders het 'n stewige aandeel in die gebruik van meulens gehad. 'n Man plaas mos nie om dowe neute 'n windmeul op sy familiewapen nie.

Die eerste geskrifte waarin die Vermeulen familienaam genoem word, word in die Amsterdamse argief bewaar en dateer uit die veertiende eeu uit Burgondië. Ons weet dat Napoleon Bonaparte met sy Europese oorheersing in die agtiende eeu beveel het dat alle families in lande wat deur Frankryk beset word vanne moet kry om sensus te vergemaklik. Toe die hê van vanne dus afgedwing word, het die Vermeulenvan alreeds vierhonderd jaar bestaan.

Ons kan dus vandag met redelike sekerheid sê dat ons familie uit die Germaanse stamme afstam en wel vanaf die tyd van die Romeinse Ryk, lank voordat Nederland se grense getrek is, en dat die van Vermeulen alreeds oor die seshonderd jaar in gebruik is.

Bogenoemde is net 'n kort samevatting van Europese inligting waaroor ek beskik. Ek hoor graag u kommentaar en beantwoord graag u vrae - as ek kan.

Vermeulengroete

Johan van Melkbosstrand
Tel: (021) 553 1885

B. LIDMAATSKAPAANGELEENTHEDE

Sedert ons vorige nuusbrief is 17 verdere aansoeke om lidmaatskap ontvang. Al die aansoekers is as lede toegelaat.

Ons wil u hartlik verwelkom as lede van die Bond. Die Meulenaar vertrou dat ons verbintenis tot wedersydse voordeel sal wees.

B1. AFSTAMMELINGE VAN JAN (WILLEMZOON)

	Naam	Adres	Tel
18	Mnr Christoffel Petrus Johannes Vermeulen	Blouvleiweg 40, WELLINGTON 7655	(021)8733446
19	Mnr Johannes Petrus Vermeulen	Posbus 523, BETTIESBAAI 7141	(028)2729168
20	Dr Stephanus Ockert Vermeulen	Posbus 90, PHILIPPOLIS 9970	(051)7737006

B2. AFSTAMMELINGE VAN DIRK (CORNELISZOON)

	Naam	Adres	Tel
20	Ds. Christoffel Johannes Vermeulen	Posbus 1, GANSBAAI 7220	(028)3840865
21	Mnr Floris Nicolawus Vermeulen	Posbus 6, SANDHILLS 6854	(023)3569706
22	Jan Gabriël Vermeulen	Hesperoslaan 5, BEAUFORT-WES 6970	(023)4191946
23	Dr Jan Hendrik Vermeulen	Posbus 4243, TYGERVALLEI 7536	(021)9767861
24	Mnr Leon Vermeulen	Posbus 1314, GROENKLOOF 0027	(012)3443404
25	Me Liezl Vermeulen	Posbus 1314, GROENKLOOF 0027	(012)3443404
26	Me Lorna Margaret Vermeulen	Posbus 1314, GROENKLOOF 0027	(012)3443404
27	Mnr Marthinus Joachim Vermeulen	Posbus 493, RIVERSDAL 6670	(028)7132578
28	Mnr Michael Johannes Vermeulen	Lautzlaan 27, Flimieda, KLERKSDORP 2571	(018)4684119
29	Dr Nico Vermeulen	Posbus 15, VELDDRIF 7365	(022)7830768
30	Mnr Petrus Cornelius Vermeulen	Sapelestraat 3, ELSPARK 1428	(011)8934378
31	Mnr Pierre André Vermeulen	Posbus 1314, GROENKLOOF 0027	(012)3443404
32	Me Rochelle Buchan (gebore Vermeulen)	Posbus 1314, GROENKLOOF 0027	(012)3443404
33	Mnr Willem Jacobus Petrus Vermeulen	Posbus 18, GRüNAU, NAMIBIë	(063)297290

C. FAMILIE/BONDWAPEN

Die ontwerp van die Bondwapen is afgehandel. Bestuur het die ontwerp goedgekeur en by die Staatsheraldikus ingedien vir registrasie. Laasgenoemde blyk egter 'n tydsame proses te wees en sal ons net geduld moet be-oefen.

D. GEDIGTE : OOM DIRK JOHANNES VERMEULEN: TEL: (021)853-7671

D1. Berusting

Die wyse raad van God
bepaal ons lewenslot
Hy skink vir ons die bekers in

Soms vol , soms min
Soms bitter gal ook in
Met wat Hy ookal in die beker gee
deel Hy, Sy groot genade mee
Vir smart, droefheid en teëspoeddag
verseker Hy algenoegsaam krag
Hy wys die pad wat ons moet gaan
Leer volg soos Hy dit het gebaan
oor klowe sal Hy brue bou
Teen steiltes stewig hande hou
Ons kan dus moedig enduit gaan
In smart en droefheid vas bly staan
Sy vertroosting leer ons die weg
Om weer berustend voort te veg

D2

Millennium 2000

Uit die donker oertyd se chaos gebore
is duisende jare die mensdom beskore
Ses millenniums oor geslagte verbygegaan
tot ons op die drumpel van n nuwe era staan
Die Ewige Skepper van wissellende tye
Kenner van die verloë en die nabye
Onveranderlik, nog altyd daar
as onseker die toekoms word in gestaar
Vir hul wat die onbekende toekomspad
huiwerig, sonder durf en waagmoed wil vat
sal vaste geloof in Albestier wat nimmer faal
helder visie en doelgerigte vertroue straal
Al die millennium bedreigings wat ons vrees
sal veilig in God's Albeskikker -hande wees

E. GESLAGSREGISTER

Die opgedateerde register beslaan tans 380 bladsye. Die insleutelwerk word huidig nagesien vir moontlike foute/ weglatings.

Daar is nog enkele byvoegings wat aangebring moet word, terwyl daar ook nog inligting is wat nie geplaas kan word nie.

F. HET U GEWEET?

1. Dat ons eie miltennium baba op nuwejaarsdag 2000-01-01 om 16H00 in die Linmed Hospitaal in Benoni gebore is. Judith is die dogter van Hendrik Johannes (Henk) en Cornelia Vermeulen.

2. Dat Vermeulenstraat in De Aar vernoem is na Jan Gabriel Vermeulen. Jan is in Mei 1818 gebore. Hy is op die 1ste Januarie 1837 te Beaufort-Wes getroud met Elizabeth Maria Esterhuizen - gebore gedurende 1819. Sewe kinders is uit die huwelik gebore.

   Na Jan se dood hertrou Elizabeth met Jan se neef Barend Daniel Vermeulen . Geen kinders is uit hierdie huwelik gebore nie. Elizabeth is op 1891-06-08 oorlede te Britstown.

   Jan was algemeen as Swart Jan bekend. Hy was 'n veeboer en het met sy vee steeds noordwaarts getrek op soek na beter weiding en water. Hy land in die Bo-Karoo. Gedurende 1839 word die plaas De Aar, genoem na 'n standhoudende put met heerlike vars water, aan hom toegeken. Swart Jan is op 1878-09-07 oorlede en is op die plaas begrawe.

   Na Jan se dood word die plaas onder sy erfgename verdeel. Die gedeelte met die opstal op het sy seun Christoffel Johannes - gebore 1845-12-20 - toegeval. Hy was algemeen as Rooi Stoffel bekend. Op 1881-03-04 verkoop Stoffel die plaas aan D.F Grundlingh vir 1.025 pond. Die dorp De Aar is later op die plaas gestig.

3. Dat Ds. Christoffel Johannes (Lid D20) 'n agter-agterkleinkind van genoemde Christoffel Johannes (Rooi Stoffel) is. Hy is dan ook die 5de Christoffel Johannes en sy seun klein Christoffel Johannes die 6de naamgenoot (direkte lyn).

4. Dat oom Dirk Johannes (Lid D4) se oupa-grootjie (ook Dirk Johannes) 'n broer was van Jan Gabriel (Swart Jan).

5. Dat Dirk Johannes (Lid D5) die 5de naamgenoot (direkte lyn) van Swart Jan se broer- Dirk Johannes - is. Swart Jan se pa was ook Dirk Johannes. Lid D5 is dus ook die 6de geslag (direkte lyn) wat die naam Dirk Johannes dra.

6. Dat Dr Roux (Lid D16) ook 'n agter-agterkleinkind van Dirk Johannes - die broer van Jan Gabriel (Swart Jan)- is.

G. ADVERTENSIES

G1.

EMMARI'S

MATERIALE, WOL, BYKOMSTIGHEDE
EN STOFFERING

PALM CENTRE 5B, 6DE LAAN,
MELKBOSSTRAND 7441

LOUISE VERMEULEN Tel: 021-553 2120

G2.

EIENDOM
TE KOOP/VERKOOP

DE KELDERS, GANSBAAI EN OMGEWING

KONTAK: HENNIE/CHRISTA VERMEULEN
(AïDA) TEL: 028-384 3859
SEL: 082 927 5454



H. VERMEULEN STREEKBYEENKOMS

H1. AGTERGROND

Aangesien dit nie moontlik is om al die lede van die Bond by een byeenkoms te betrek nie, is besluit om 'n Streekbyeenkoms te organiseer. Afhangende van die sukses daarvan, sal verdere Streekbyeenkomste oorweeg word. Alle lede van die Bond, wat enige een van die byeenkomste wil bywoon, is egter baie welkom.

H2. DOELWIT

Om lede in die lig oor die vordering van die Bond. Lede se insette te verkry , nie-lede- wie kwalifiseer vir lidmaatskap - te werf en familiebande te bevorder.

H3. WIE MAG BYWOON

Alle lede, hul gades en gesinslede. Familielede - wie afstam van die twee stamvaders - is eweeens welkom.

Alle Vermeulen afstammelinge van die twee stamvaders, hul gades en gesinslede (nie-lede).

U word vriendelik versoek om alles in u vermoë te doen om die byeenkoms by te woon saam met u gesinslede.

H4. WAAR

Die eerste Streekbyeenkoms word gehou te Gansbaai, Wes-Kaap. Die keuse het op Gansbaai geval omrede heelwat lede/potensiële lede in daardie omgewing woonagtig is of aldaar hul jaarlikse verlof deurbring.

H5. WANNEER

Op 16 en 17 Desember 2000.

H6. VERBLYF

Diegene wie nie in die onmiddellike omgewing van Gansbaai woonagtig is nie, kan verblyf reël by:
- Uilenkraalsmond Vakansie-oord TEL: 028-3880200
- Pearly Beach Vakansie-oord TEL: 028-3819613

- Birkenhead Lodge TEL: 028-3840253
- De Kelders Bed & Breakfast TEL: 028-3840045
- Klein Paradijs Guest House TEL: 028-3819760

Indien u van die fasiliteite gebruik wil maak, word u aangeraai om vroegtydig plek te bespreek . U moet u eie reëlings tref en ook let dat die koste vir u eie rekening is.

H7. PROGRAM

Saterdag 16 Desember 2000

OVERBERG BOOTKLUB

15H00	Registrasie/Koffie/Tee
15H30	Verwelkoming Opening: Skriflesing en gebed: Ds Christo Vermeulen Vorderingsverslag : Voorsitter Stamverwantskap van Gansbaai/Stanford se Vermeulens Algemene Bespreking
17H00	Bring & Braai (eie spys en drank)

Sondag 17 Desember 2000 (OPSIONEEL)

10H00	Erediens: NG Kerk Gansbaai Prediker : Ds Christo Vermeulen

Na die diens vertrek elkeen na sy eie woonplek.

H8. KOSTE

Die registrasiegelde per persoon bedra R12,50. Die registrasiegelde dek die volgende uitgawes:

- Huur van saal
- Huur van breekgoed/eetgerei
- Kole vir vleisbraai en roosters
- Koffie/ Tee

H9. BESPREKING

Voltooi asseblief die ingeslote registrasievorm en pos aan die adres daarop vermeld.

Ten einde reëlings te tref, sal ons dit waardeer as u teen 30 November 2000 sal reageer of voor 15 Desember 2000 vir Hennie Vermeulen by 028-384 3859 te skakel en u bywoning te bevestig.

H10. AANWYSINGS

Ingevoeg in nuusbrief.

I. FAMILIEMUSEUM/ARGIEF

Een van die doelwitte van die Bond is om 'n museum/argief daar te stel.

Ons was dus bevoorreg om 'n Bybel van Me Zelma Geldenhuys (gebore Vermeulen) (Lid D 19) te ontvang. Die Bybel het behoort aan haar oupa, Jan Gabriel - gebore 1875-05-28. Dit is deur hom aangekoop op 1896-07-13.

Die Bybel heet: De Bijbel : De Gansche Heilige Schrift. Ouden en Nieuwen Testaments. Gedrukt Britsche en Buitenlandsche Bijbel Genootschap te Utrecht, Achter Den Dom 1893.

Indien daar van ons lede is wat soortgelyke Africana besit, kan u dit ook oorweeg om dit aan die Bond te skenk. Ons sal dit vir die nageslag bewaar.

J. ALGEMEEN

Lede word asseblief versoek om:

i) Familie aan te moedig om ook lede van die Bond te word. (Slegs lede sal geregtig wees om die beplande geslagsregister aan te koop en die Bondwapen te gebruik).

ii) Klein advertensies oor dienste wat uself/u bedryf aanbied in te stuur vir publikasie. (Die diens is huidig gratis. Bestuur behou egter die reg om die volume per uitgawe te beperk en om die advertensies te wysig (verkort)).

iii) Enige interessantheid aangaande die Vermeulen familie in te stuur vir publikasie. (Bestuur sal weereens eie oordeel oor publikasie/verkorting gebruik).

iv) Ons webruimte te besoek vir verdere inligting oor die Bond.

v) Voorstelle in te stuur oor onderwerpe ens. vir oorweging deur Bestuur.

vi) Alles in u vermoë te doen om die byeenkoms by te woon.

HARTLIKE VERMEULEN GROETE

BOND VAN DIE VERMEULEN FAMILIE

AANWYSINGS

GANSBAAI STREEKBYEENKOMS



BOND VAN DIE VERMEULEN FAMILIE

Registrasievorm

GANSBAAI STREEKBYEENKOMS

VAN: _____

VOORNAME: _____

POSADRES: _____

TEL NR: _____

Die volgende persone sal die byeenkoms bywoon:

NOEMNAAM

1. _____
2. _____
3. _____
4. _____
5. _____
6. _____
7. _____
8. _____

Tjek ten bedrae van R ..... aangeheg

POS AAN : H.C VERMEULEN
Posbus 1344
GANSBAAI, 7220
TEL: 028-384 3859

NB: BRING ASB U VOORGESLAG SE GEGEWENS EN FOTO'S SAAM